

## Hoërskoolseun se suksesverhaal vanaf 'n Ma en Instrukteur wat Mind Moves® LEEF



Die Poggenpoel huisgesin verhuis na 16 jaar na Walvisbaai. Sonder skroom pak ons die skuif aan, nadat ons baie versigtig elke wortel uitgetrek het na baie jare in Otjiwarongo. Deeglik bewus dat ons versigtig te werk moet gaan met ons harte, spoel ons elke wortel deeglik af sodat herplanting vinnig en korrek kan geskied. Ons is mos reg: is die uitgangspunt. Ek raak besig met die nuut begin en die oorbou van alles op 'n nuwe plek. Mens kan nie iets net oordoen nie. Dit moet snyersmaat (tailormade) gedoen word. Die droom van Mind Moves oor die pakket van 12 jaar heen word van vooraf weer deeglik beplan na baie lesse geleer is. Die droom van Mind Moves op elke vlak in 'n skool begin groei.

Reg vir getalle van die skool en die baie, was ek beslis nie. Die droom moes veel groter. Herskep en weer dink en begin. Ek was dus baie besig. Hierby voeg ek die pakket van die gemeente en gemeenskap. My kinders is mos reg en “sterk babas”.

My jongste spruit, is tans 18 jaar. Hy beleef die skuif meer intens omdat hy van skool moet skuif. Die skoolskuif was nie 'n faktor nie, wel die skuif van die gewone baan Cambridge sisteem na die versnelde kurrikulum skuif. Ek sien hy is besig met sy boeke, hy vra nie en gee terugvoer: hy is reg.

Augustus 2014 raas Pa met hom oor sy swak tafelmaniere. Ek begin dit dophou. Ek skrik met wat ek opmerk by my seun. Hy lê-steun op sy “highlift jack” (elumboog) terwyl hy eet. Sy mond is oop en hy kou verseker nie sy kos nie. Groente en growwe kosse word oorgelos. Hy is nie meer regop nie. Hy drink nie meer water nie en sy chappies lê in sy kas. Hy praat terug, sonder om te prosessee. Sy rapport kom en dit is 'n nagmerrie. Ons het van 'n gawe gemiddeld in sy ou skool gesak met 23% ondertoe. Graad-oordoen staar ons in die gesig.

Ons gaan sit en praat oor alles. Ons stel die doelwitte en elke oggend begin ons weer met die Mind Moves pakket. Ons begin met vier oefeninge. Mind Moves massering, Homolaterale asook Bilaterale Integreerder, Antennaeversteller en Lipmassering. Ek dink, gaaf na 6 weke is ons weer reg. Ses weke kom en gaan en die verandering is nie soos ek gewoon is nie. Ek besef net weer hoe vinnig die skede afbreek en die bedrading net weer versterk moet word. Indien ek ingedagte raak, kom staan hy elke oggend lewensgroot voor my en ek trek met liefde die buitelyne en weet, my seun is regop.

Dit bly 'n lewenslange keuse en besluit. Na drie maande is dit weer my regop seun wat voor my sit en lag van oor tot oor. Ons slaag graad 11 met 'n gemiddeld naby 60 %. Nou lê graad 12 voor en ek weet dat met die pakket, hy verseker sterk en reg is vir die uitdagings van graad 12 en daarna. Die kosbaarste oomblik was tydens 'n rugbywedstryd - die seungemoedere vlam ernstig op, sy een spanmaat verloor dit amper en my seun se kommentaar en hulp is: “vryf jou ore man”. Nodeloos om te sê die spreektaal nou onder die seuns wanneer een moeilik raak is: “kom nou, vryf die ore”. Dit hoor ek gereeld in die nuwe wêreld hier in Walvisbaai. Vir my is dit soos musiek in my ore, want dit beteken hulle hoor en doen.

Ek is 'n dankbare Ma en besef net Mind Moves begin daagliks by jouself, jou huis en dan kan dit na buite. Mind Moves 'leef' is die antwoord. Die rimpeleffek wat nooit kan stop nie. Mind Moves rimpel gaaf hier in Walvisbaai, Wes in Namibië.

[Marietjie Poggenpoel](mailto:marietjie.poggenpoel@mind-moves.com)    [Gevorderde Mind Moves Instrukteur](#)

